

PALMSONDAG VAN DIE HERE SE PASSIE

JAARKRING C

By die Palmprosesie: Lukas 19:28-40

Eerste Skriflesing: Jesaja 50:4-7

Beurtpsalm: Psalm 22: 8-9. 17-20. 23-24

Tweede Skriflesing: Filippense 2: 6-11

Ewangelie: Lukas 22: 14-23:56

Vandag, wat bekend staan as Palmsondag of Passiesondag, herdenk ons die Here Jesus se triomfantelike intog in Jerusalem asook sy Heilige Lyding oftewel Passie in die daaropvolgende dae. Dit gaan hier oor historiese gebeure wat werklik plaasgevind het en die plekke waar dit gebeur het word vandag nog besoek en vereer. Jesus Christus het Jerusalem binnegegaan om sy Passie te verduur en daarmee ons van die heerskappy van die sonde te verlos en om ons ook daarmee die lewenslesse van die liefde te leer. Sy arms uitgestrek aan die kruishout en sy hart met 'n lans deurboor, bly die kragtigste simbool van die Liefde in die geskiedenis van die mensdom.

